Sesde uitgawe
2022

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

- **Pretoria Bonsai Kai bestuur:**
- Voorsitter – Org Exley
  082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois van As
  074 601 1847
- Tesourier - Bruce Carter
  084 5132220
- Sekretaresse – Mariaan Erwee
  083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak
  083 388 4736
- Addisionele lede :
  Duvan Horn
  Martin Kruger
  Johan Els
  Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terug-voering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by:

Jaco.Kriek@Zutari.com

In hierdie uitgawe

Van die redakteur	1
Vergadering 6 Augustus	2
Vergadering 3 September	4
Sorg skedule	13

Van die redakteur

What does the bonsai tree symbolize?

When bonsai trees were first introduced in China more than 1300 years ago, they were seen as a status symbol among the elite of society. Today, however, bonsai trees are enjoyed by people all over the world.

Depending on a person's culture or beliefs, bonsai trees are seen as symbols of harmony, balance, patience, or even luck. Many people simply use the potted trees as living ornaments for interior design, while others—Zen Buddhists for example—believe the bonsai is an object of meditation or contemplation. Emma Taggart.

Vergadering van 6 Augustus 2022

'Tip of the month' - Deur Willie Botha

Die redakteur was nie by die vergadering nie en het versuim om iemand te vra om notas te neem. Na sowat 7 maande is Willie gevra wat hy gesê het, en die onderste word geplaas net soos dit van Willie ontvang is:

"Jong my tip was nie regtig 'n tip nie, dit was veronderstel om 'n bietjie humor te wees. Die mooi fyn sproeikop (op foto langsaan) het ek in 2017 in Japan gekoop. Ek het hom toe aan 'n stuk tuinslang met 'n 'inline ball valve' gekoppel waarmee jy die watervloei baie lekker kan beheer tussen bome.

Die res was net 'n getjommel om veral nuwe lede te wys dat jy met gewone kombuis tools kan regkom bv eierspaan, tandeborsels met en sonder hare, chopsticks, skroewedraaier, opskeplepel, poeding of teelepel, ens. My raad was basies koop eers potensiële bonsai material voordat jy in baie duur bonsai gereedskap belê. Maak maar iets op Jaco…..☺. "

Meeting of 6 August 2022

Richard Wright did a demonstration on a forest planting using Swamp cypress trees. There are no notes accompanying herewith but then, a picture tells a thousand words! The photo's were provided by various people who attended the meeting and record of who provide which photos were lost. So, apologies to the photographers who are not mentioned.

The slab Richard used is made of a large piece of black slate and Richard constructed a wall, using slate silicone, onto the base. Richard had some assistance from Johan Els during the demonstration.

Meeting of 6 August 2022

♣

Vergadering van 3 September 2022

Vergadering van 3 September 2022 - mini uitstalling

Daar word verskoning gevra indien die inligting oor die bome nie heeltemal korrek is nie.

Bo: Org het hierdie “Acer Palmatum” sowat 15 jaar gelede van ‘n steggie begin.

Onder: Hierdie “Acer buergerianum” woud het Christa 14 jaar gelede gemaak. Sy wil graag ‘n paar boompies byvoeg.

Onder: Die “Acer palmatum” is van ‘n steggie begin sowat ses jaar gelede.

Vergadering van 3 September 2022 - mini uitstalling

Bo: Hierdie “Acer Palmatum” van Org is sowat 30 jaar oud.

Onder: Org het die boom begin deur sowat 20 klein boompies aan mekaar te bind. Org dink dit was so 30 jaar gelede.

Onder: Hierdie is ‘n Witstinkhout wat Carl so vier jaar gelede op ‘n Hardekool stomp geplant het.



Vergadering van 3 September 2022 - mini uitstalling

Left: This is a Lace leave Japanese Maple that Bruce is working with.

Hierdie drie “Maples” behoort aan Erika. Erika het hulle sowat 12 jaar gelede op plastiek in groeibeddings geplant en elke jaar terug gesny om hierdie pragtige dik stamme te kry.

Vergadering van 3 September 2022

PTA Bonsai Kai Maples

Deur Duvan Horn.

Indeks:

- Spesies: Maples
- Algemene inligting
- Versorging:
  - Temperatuur / Sonlig
  - Water / Groei medium
  - Bemesting / Voeding
  - Vorm metodes
  - Peste en plae
  - Ontkiem / Voortplant
  - Herpot
  - Ontwerp en Stylering

Vergadering van 3 September 2022

Spesies Maples:

- Chinese Maple or Trident Maple (Acer Buergerianum)
- Japanese Maple (Acer Palmatum)

Algemene inligting:

- Maples is ideaal vir beginners
- Hulle is gehard teen matige ryp
- Hulle blare verkleur mooi in die herfs
- Blare verklein maklik
- Sny wonde groei maklik toe
- Wortels groei vinnig en hanteer snoei goed
- Gevorderde tegnieke kan maklik gebruik word om ekstra takke of wortels by te voeg
- Fusie is maklik met wortels of klein boompies wat aanmekaar gesit word
- Maples is bladwissellend
- Kom oorspronklik voor in China, Japan en Taiwan

Temperatuur / Sonlig:

- Maples verkies vol son maar nie te warm middag son nie, blare kan maklik brand
- Oggend son word aanbeveel
- Gedurende die winter moet Maples koue ervaar en kan hulle vir kort tye erge koue weerstaan
- Maples moet nie warm gehou word deur die winter nie

Vergadering van 3 September 2022

Water / groei medium:

- Maples benodig daagliks water in die lente en somer maar minder water in herfs en winter
- Die wortels hou nie daarvan om in water te staan nie en kan vrot. Die groeimedium moet dus goed dreineer vir gesonde wortels
- Maples groei in meeste bonsai mengsels solank dit nie te veel water hou nie

Bemesting / Voeding

- Maples kan ’n gebalanseerde voeding toegedien word vanaf vroeg lente tot laat somer
- Terwyl jy die stam ontwikkel sal voeding help met verdikking. As jy egter werk aan vertakking moet jy spaarsamig te werk gaan. Te veel voeding sal groter gapings teweeg bring tussen die internodes

Vorm metodes:

- Jong takke van ’n Maple kan maklik bedraad word maar hoe ouer en dikker die tak hoe minder buigbaar is dit. Ouer takke wat gekraak het sonder om te breek kan genees en weer groei maar sal ’n verdikking vorm by die kraak wat nie mooi vertoon nie
- Draad moet net vir ’n paar maande aangelos word om die nuwe rigting te verseker. Draad sny maklik in.

Vergadering van 3 September 2022

Peste en plae:

- Maples is redelik gehard teen peste en plae
- Hulle kry wel partykeer ’n swam infeksie of wollerige luise. Dit kan beheer word met gewone gif stowwe geskik vir hierdie tipes peste en plae

Ontkiem / Voorplant:

- Maples groei maklik van saad of steggies
- Maples kan ook ge-airlayer word omdat hulle so vining wortels maak
- Klein boompies kan vinnig verdik word deur hulle in groei bakke of in die grond te plant

Herpot:

- Omdat Maples so sterk wortel groei het moet hulle meer gereeld uitgeplant word, elke 2 to 3 jaar
- Maples hanteer wortel snoei goed op die regte tyd en kan van 30% tot 50% van sy wortels verwyder word
- Maples verkies dieper potte weens hulle sterk wortel groei

Vergadering van 3 September 2022

Ontwerp en Stylering:

- Maples kan in meeste bonsai style gevorm word en is veral geskik vir Wortel oor rots weens sy sterk wortel groei
- Ovaalvormige bakke pas die beste by Maples en verkieslik geglasuur. Ronde potte kan ook werk.
- Bakke in ligte kleure soos room, wit en grys komplimenteer die herfs kleure van die blare mooi
- Knip en groei is ’n gewilde metode wat gebruik word op Maples. Draad werk net op jong groei.
- Vertakking word verkry deur nuwe groei uit te knip
- Maples kan ook ontblaar word in die groei seisoen mits die boom gesond is. Dit help met blaar verkleining

Te slotte:

- Daar behoort geen rede te wees hoekon elke bonsai groeier nie ’n Maple in sy versameling moet hê nie.

Bronne:

http://www.bonsaiempire.com/tree-species/maple
http://www.thespruce.com/growing-japanese-maple-bonsai-5085314
http://www.bonsaioutlet.com/japanes-maple-bonsai-care/
http://www.bonsaitree.co.za/blogs/tree-talk/70036099-maple-sextet-basic-styling-of-chinese-maple-bonsai-trees
http://www.stonelanter.co.za/advance-techniques-for-chines-maples/
http://www.bonsaitreegardener.net/bonsai-trees/species/trident-maple
http://www.bonsai-shop.com/en/species/trident-maple

Sorgskedule **Seisoen:** **Season:**		Mid-somer Mid-summer	Laat somer Late sum-mer	Vroeg herfs Early autumn	Mid-herfs Mid-autumn	Laat herfs Late autumn
Maand: **Month:**		**Jan**	**Feb**	**Mrt** **Mar**	**Apr**	**Mei** **May**
Die boom se jaarsiklus **The tree's yearly cycle**		Kort dormante periode, konsolideer nuwe groei Short period of dormancy, consoli-date new growth		Bery voor vir dormante periode Prepare for winter dormancy		
Aksie / Action	Bonsai van saad Bonsai from seed			Vir beste resultate gebruik vars saad For best results, use fresh seed		
	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings					
	Verplant Potting					
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning			Immergroen bome Evergreen trees		
	Vormsnoei Formative pruning					
	Knyp groeipunte Pinch growth points					
	Bemesting Fertilizer					
	Insekdoders Insecticide					
	Somerbeskerming Summer protection					

Sorgskedule **Seisoen:** **Season:**		Vroeg winter Early winter	Mid-winter	Laat winter Late winter	Vroeg lente Early spring	Mid-lente Mid-spring	Laat lente Late spring	Vroeg somer Early summer
Maand: **Month:**		**Jun**	**Jul**	**Aug**	**Sep**	**Okt**	**Nov**	**Des** **Dec**
Die boom se jaarsiklus **The tree's yearly cycle**		Dormant gedurende die winter Winter dormancy			Herontwaking, nuwe groei Reawakening, new growth			Nuwe groei New growth
Aksie / Action	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings							
	Verplant Potting							
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning			Immergroen en bladwisselende bome Evergreen and deciduous trees				
	Vormsnoei Formative pruning							
	Knyp groeipunte Pinch growth points							
	Bemesting Fertilizer							
	Insekdoders Insecticide							
	Somerbeskerming Summer protection							
	Winterbeskerming Winter protection							

The individual opinions expressed in this issue are not necessarily those of the Pretoria Bonsai Kai.